

19 April

**Skrifgedeelte: Esegïel 1
Fokusgedeelte: Esegïel 1:1**

God is in beheer van die geskiedenis

Esegïel was een van tien duisend ballinge vir wie Nebukadnesar saam met koning Jojagin in 598 vC in ballingskap na Babelonië weggevoer het. Na vyf jaar in die ballingskap het God hom geroep om as profeet in Babel op te tree. Hy moes God se Woord verkondig aan die ballinge. Hulle wou graag weer na Jerusalem terugkeer. Esegïel moes egter vir hulle sê dat hulle nie sou terugkeer nie. Nee, Nebukadnesar sou Jerusalem binne sewe jaar inneem en verwoes. Die eerste drie hoofstukke van die boek beskryf die gesig wat die profeet gesien het toe God hom geroep het. In die gesig sien hy 'n oop hemel. Dis die enigste plek waar die Ou Testament die hemel in 'n gesig beskryf. In die gesig het Esegïel iets van die heerlikheid van die Here gesien. Dit is baie belangrik dat die boek met hierdie gesig van God op sy troon begin. Die volk van Juda het 'n oorlog verloor, maar God is steeds in beheer van die geskiedenis. Hy het magtige konings soos Nebukadnesar gebruik as blote instrumente in sy hande om sy doel te bereik. Die doel het 'n besondere hoogtepunt bereik met die koms van Jesus. Die wêreld stuur af op die dag van sy wederkoms, wanneer dit vir almal duidelik sal wees dat God koning is. Baie mense voel vandag in Suid-Afrika soos vreemdelinge in hulle eie land. Gelowiges het egter die troos dat God steeds in beheer is en dat Hy ook met ons sy doel sal bereik.

Sing: Skrifberyming 24:7

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)